Museum bring hulde aan San

Onder die gaste by die geselligheid was voor Stoffel en Zabetta Albertyn en Espe van der Merwe. Agter staan Lucille en Martin Domburg van Piketberg Toerisme en Willem van der Merwe. Zabetta en Willem is lede van die Museumraad.

Ilna Grobler

PORTERVILLE - Nog 'n museum in die Bergrivier munisipaliteit strek sy dorp tot eer.

Die ontvangslokaal by hierdie museum lewer 'n skouspel in die kleine en bring die ryk rotstekeninge skat van die eerste inwoners van die streek, die San, tot in die dorp waar moderne mense dit kan waardeer.

Die finale afronding aan die lokaal is voltooi met die installering van ligte wat die afdrukke van rotstekeninge belig.

Daar is 'n ryke skat van rotstekeninge wat nie deur gewone besoekers gesien kan word nie.

Deels omdat dit moeilik bereikbaar is, en ook om die tekeninge te beskerm. Foto's van die tekeninge is vergroot en op skaal geblok sodat besoekers hulle daaraan kan verwonder.

Prof. John Parkington van die departement argeologie aan die Universiteit van Kaapstad (heel regs) is 'n kundige op die gebied van San tekeninge. By hom staan van links Deon Lambrechts, direkteur gemeenskapsdienste van die Bergrivier munisipaliteit, Johan Raats (raadslid), Ron Wathen (voorsitter museumraad) en Jaylene de Villiers van museumdienste van die departement kultuursake.